Gemeenskapsbetrokkenheid brei-projek

Louis Trichardt Tehuis, Danville Pretoria Wes

Hallo almal

Weens verskeie omstandighede het ons besluit om die oorhandiging te skuif vanaf die Monumentetehuis Dienssentrum na die Louis Trichardt Tehuis. Die Louis Trichardt Tehuis is langs die dienssentrum geleë en huisves ongeveer 60 inwoners. Die tehuis is ook deel van die Monument Tehuis groep.

Ek het al heelwat bydraes slaapsokkies, kopmusse en vingerlose handskoene ontvang, baie dankie!

Vir die wat nog wil bydrae, bring dit asb saam na Nkwe 20 April 2018, of kontak enige van die bestuurslede dan reël ons vir afhaal.

Verder tot die breiwerk sal ek graag ook dat ons ou klere, linne, komberse, gordyne, handoeke ens skenk, so maak leeg daardie kaste en laat waai! Of gaan koop ‘n paar van die items en skenk dit so.

Ons beplan om ook ‘n klein kospakkie saam met die breiwerk uit te gee en sal enige kontant donasies waardeer – betaal dit gerus in op ons bankrekening met spesifieke verwysing hierna.

Hopelik sal ons weereens ‘n lekker groepie wees wat kan gaan kuier op die 11de Mei soos per die uitnodiging.

Nogmaals baie dankie vir jul samewerking en hulp, daarsonder sal ons gemeenskapsbetrokkenheid nie slaag nie.

**Groete**

Tjaart, Marietjie en Margriet.